Algemene Diakensvergadering (ADV)

Mededeling aan Ringsvergaderings 2021.

Die insluiting en beskikbaarstelling van meegaande inligting by Ringsvergaderings agenda deur Ringskommissies word hoog op prys gestel.

Sake vir bespreking tydens Ringsvergaderings:

1. Kerkorde : Opdrag aan Ringe en Gemeentes
2. Mentors
3. Wat het ons geleer in 2020?
4. Die rol van die ADV sedert 2020 en nou in 2021
   - 4.1. Maandelikse Nuusbrief
   - 4.2. Webinars ADV & leef saam
   - 4.3. Projekte / Aksies / Geleenthede
   - 4.4. Deelname van Ringe en Gemeente
   - 4.5. Werkswinkels
5. Barmhartigheidsoffers
6. Dankwoord
7. Belangrike inligting en Skakels

## 1. Kerkorde : Opdrag aan Ringe en Gemeentes

Ordinansies soos in kerkorde vervat:

4.2 RINGSVERGADERING:

4.2.2 WERKOPDRAG

xi) sien toe dat 'n ringskomitee vir diakonaat saamgestel word, roep, indien nodig, ander komitees in die lewe, en stel toepaslike reglemente op

(xxv) sien toe dat aandag gegee word in die ring aan die beplanning, bevordering en koördinering van barmhartigheidsdiens, diakonale toerusting, diakonale diensgroepe, diakonale fondse en goedere waaruit hulpbehoewendes versorg word, en enige ander aangeleentheid wat aan die diakens opgedra is

xxvi) identifiseer knelpunte en probleme in die uitvoering van die barmhartigheidswerk op gemeentelike en ringsvlak, en tref maatreëls vir oplossings

4.1.2 WERKOPDRAG

Die kerkraad

(xxi) sien toe dat 'n Komitee vir Diakonaat saamgestel word om aandag te gee aan barmhartigheidsdiens, diakonale toerusting, diakonale diensgroepe, diakonale fondse en goedere waaruit hulpbehoewendes versorg word, en enige ander aangeleentheid wat aan die diakens opgedra is, en neem verder kennis van die besprekings op sodanige afsonderlike vergaderings van diakens.

***Aanbeveling***

a. *Ringsvergaderings en Kerkrade word versoek om, waar moontlik, die uitvoering van die kerkorde na te kom.*

b. *Voorsien asseblief die inligting van die ringskomitee vir diakonaat se lede asook die inligting van die twee diakens uit elke kerkraadsvergadering wat afgevaardig is na die ringsvergadering op meegaande skakel aan die ADV.*

https://plesion.org.za/diakens-afgevaardigde-ringsvergadering/

## 2. Mentors

1. Daar is 'n ADV kommissielid toegewys aan elke ring om op te tree as mentor vir diakens afgevaardigdes van ringe.
2. Die lys van mentors is beskikbaar hier
3. Die mentors se rol is ondersteunend tot die rings- en gemeentekomitees vir diakonaat.
4. Julle Mentor behoort die eerste skakel na die ADV kommissie te wees.
5. Nooi asseblief jou mentor om deel te neem aan julle ringskomitee of gemeentekomitees vir diakonaat.
6. Kommunikeer julle ring of gemeente se suksesse asook behoeftes aan julle mentor.
7. Kontak julle mentor vir raad en hulp t.o.v. versoeke om hulp vanuit ringe of gemeentes.
8. Identifiseer saam met die mentor die behoeftes in die ring en gemeentes.

***Aanbeveling:***

a. *Ringskomitee lede en gemeente diakens afgevaardigdes word versoek om kontak te maak met hulle mentor.*

## 3. Wat het ons geleer in 2020?

- Ons is nie gemaak om in afsondering te leef nie.
- Ons kan aanpas.
- Daar is ander metodes van werk.
- Nood het vermeerder en gaan nog meer word.
- Ons sal baie meer leiding moet neem in ons gemeenskappe, insluitend skakeling met ander kerke en instansies.
- Deurlopende hulp verlening is van belang.
- Ons moet ons hulpverleners ook ondersteun.
- Koördinasie van hulpverlening in gemeenskappe en ringe is van wesentlike belang.
- Weens siekte en afsterwe moet ons sorg dat kontinuïteit gehandhaaf word in ons werksaamhede.

***Aanbeveling:***

*Gemeentelike diakonalekomitees word versoek om die punte op hulle vergadering te bespreek.*

## 4. Die rol van die ADV sedert 2020 en nou in 2021

### 4.1 Maandelikse Nuusbrief

Ons versoek diakens om asseblief in te teken op die maandelikse nuusbrief van die ADV. Stuur jou e-pos besonderhede aan diens@diakens.co.za of gebruik die skakel om die nuusbrief te ontvang.

Gebruik die skakel "Deel hierdie boodskap met jou vriende" op die nuusbrief om die nuusbrief aan lidmate te versprei.

Moedig lidmate asseblief aan om in te teken op die nuusbrief.

### 4.2 Webinars

Webinars is deel van die ADV se kommunikasie strategie vir 2021. Webinars sal maandeliks aangebied deur een van die diensvelde of diensorgane. Die inligting sal in die nuusbrief verskyn asook deur die NHKA Diakonaat WhatsApp gestuur word aan afgevaardigdes wat dit weer op hulle beurt aan lidmate stuur.

### 4.3 Projekte / Aksies / Geleenthede

Daar is jaarliks verskeie aksies en projekte wat deur die ADV kommissie en diensorgane gereël en aangebied word. Ons versoek is dat afgevaardigdes hierdie geleenthede aan lidmate kommunikeer asook hulle aanmoedig om te deel hieraan.

Voorbeelde :

Spesiale deurkollektes – datums & Inbetalingsbesonderhede hier

Tooi Turkoois - 15 Mei tot 15 Junie

Om die Kerk Olympics – ons mik weer vir 1 Mei

Kinderbeskermingsweek – 30 Mei tot 6 Junie

.. vir die res van die aktiwiteite ..hou die nuusbrief en jou WhatsApp dop..

### 4.4. Deelname van Ringe en Gemeentes

Ringe en Gemeentes word versoek om in te skakel by die onderskeie DPS huise, Bejaardesorg sentrums, Rata Gemeenskapskomitees en TOIBO skole, waar hulle ingedeel is.

Zoom en WhatsApp vergaderings maak inskakeling baie moontlik en gerieflik.

4.5 Werkwinkel

Die ADV Kommissie beplan om in 2021 in elke ring of streek 'n diakonale werkswinkel aan te bied wat op die volgende gaan fokus:

a. Die beplanning van diakonale werksaamhede in die lig van veranderinge wat Covid-19 tot gevolg het.

b. Die herbesoek van diakonale diensvelde en die belangrikheid van diensvelde vir gemeentes.

c. Die ondersteuning met die ontwikkeling van gemeentes en ringe se diakonale bedieningsplanne.

d. Die belangrikheid en noodsaaklikheid van diensorgane vir die NHKA se diakonale opdrag.

e. Die hulp en ondersteuning wat die diensorgane, Rata, Kinderhuise, OTMT, TOIBO en Plesion aan gemeentes van die NHKA kan bied, selfs waar daar nie Rata kantore is nie.

*Aanbeveling:*

*Voorsien asseblief die datum, tyd en plek waar ons die werkswinkel kan aanbied in julle ring.*

## 5. Barmhartigheidsoffers

Die doelwit vir die vrywillige Barmhartigheidsoffers is vir 2021behou op R 40,50 per belydende lidmaat. - Diakonale barmhartigheidsoffers ADV OMGEE 1 VAN 2021

Baie dankie aan al die gemeentes wat ten spyte van ‘n uitdagende 2020 hulle bydraes na gekom het. Gemeentes word daarop gewys dat alle bydraes verwelkom word, insluitend deurkollektes en bydraes direk aan die diensorgane. Sodanige bydraes word sover moontlik aangetoon op die gemeente se warmhartigheidsverslag.

## 6. Dankwoord

Baie dankie en sterkte aan elke predikant, diaken en lidmaat wat hulle Barmhartigheids opdrag getrou en met passie leef.

Groete in Christus



Andries Pretorius

diens@diakens.co.za

081 466 8691

(nms) ADV Kommissie

## 7. Belangrike inligting en skakels

**Sekretaris: Ds Gerhard Stoltz**

gerhard@diakens.co.za

082 872 5236

**Voorsitter: Diaken Mac van Zyl**

macvanzyl@gmail.com

082 806 7650

**Skriba: Diaken Elmien Botha**

mienamoe@lantic.net

084 840 0687

**Facebookblad:**

https://www.facebook.com/Diakens

**NHKA Diakonaat WhatsApp:**

https://chat.whatsapp.com/Gptoy2EY5LTJF3gRnsYeCz

Vorm vir afgevaardigdes na Ringsvergaderings:

https://plesion.org.za/diakens-afgevaardigde-ringsvergadering/

Lys van Mentors:

https://plesion.org.za/adv-mentrors-vir-ringsveragdering/

Nuusbrief inteken skakel:

https://plesion.us17.list-manage.com/subscribe?u=4af9b42b6ef3eb9117151745a&id=1089f9b265

Deurkollekte datums:

https://plesion.org.za/adv-mentrors-vir-ringsveragdering/

YouTube Kanaal

https://www.youtube.com/user/DiakensNHK

Bankbesonderhede: ABSA ; Raad van Finansies ; Rek no: 020 000 287 ; Takkode: 632 005 ; Verwysing: **16DIEN**